



MAANDELIKSE NUUSBRIEF: NOVEMBER 2021

Hierdie nuusbrieff word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Hierdie e-pos is vertroulik en uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel. As u dit per ongeluk/verkeerdlik ontvang het, stel asseblief die versender onmiddellik in kennis by hsagenquiries@gmail.com en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirusprogrammatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode altyd voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting, onderhewig aan die vrywaring daarin vervat (en ook hierop van toepassing) kan bekom.

Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede asook dat die inhoud van u maandelikse state korrek is.

HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – INHOUDSOPGAWE

1.	INLEIDING.....	1
2.	VORDERING VAN DIE 2 KLAS AKSIES.....	2
3.	DEUR DIE VENSTER - DIE STORIE VAN VOLHARDING.....	3
4.	JONGSTE NUUS OOR AANSTELLING VAN EKSEKUTEUR.....	5
5.	UIT DIE DECA HOFDOKUMENTE.....	6
6.	CCAF – HS 21B.....	8
7.	HSAG- EN CCAF-LIDMAATSKAPPE (INSLUITEND HS 21B).....	9
8.	OORDRAG VAN AANDELE – HS 21 EN 22 (CCAF)	9
9.	ADMINISTRATIEWE LAS EN ANDER UITDAGINGS	10
10.	BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE.....	10
11.	BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES.....	11

1. INLEIDING

Geagte HSAG lede asook diegene wat deel van CCAF is, hierdie is die finale omvattende nuusbrief van die jaar (uitsluitend 'n kort en bondige Desember-nuusbrief soos per oudergewoonte). Ons wil graag ons opregte dank uitspreek vir almal se bydraes, ondersteuning en terugvoer gedurende die afgelope jaar. Verskeie positiewe produktiewe gesprekke het plaasgevind en waardeur ons almal se skrywes, positiewe denke en motivering.

Alhoewel ons hierdie jaar positiewe vordering gemaak het en die twee afsonderlike klas-aksies volstroom voortgaan, verg die vestiging van nuwe reg tyd, geduld en die voortdurende ondersteuning van al ons lede. Die skielike afsterwe van Mnr. Nic Georgiou het nuwe regsmonterlikhede laat ontstaan en het dit beslis 'n effek op die klas-aksies gehad. Die bestuurskomitee en regspan het standvastig en getrou gebly aan hul onderneming, hul lojaliteit sowel as teenoor u as lede. Sedert die aanvang van die sake was daar nog nie 'n enkele dag wat nie daaraan gewy, bespreek, aan gewerk, bevorder of geëvalueer was nie.

Die afgelope jaar was nie sonder sy uitdagings en omwentelinge nie, maar die vordering wat deur die klas-aksies tot dusver gemaak is, maak alles die moeite werd.

Dit moet ongelukkig genoem word dat die HSAG-lede se bydraes afgeneem het. Alhoewel ons verstaan dat dit vir baie 'n moeilike jaar was, wil ons graag lede aanmoedig om hul klas-aksies te ondersteun, aangesien die regspan en bestuurskomitee vir u en u mede-lede verteenwoordig. Sonder u bydraes sal dit onmoontlik wees om julle by te staan met jul eise of om jul sake te bevorder. Een van die integrale aspekte van 'n klas-aksie soos hierdie is die behoefte dat alle partye moet bydra en moet voldoen aan die groepsledebefondsingsmodel, wat deur die hof goedgekeur is. Die sukses van ons sake hang daarvan af dat elke aspek van die klas hul kant bring - hetsy die verteenwoordigers, die regspan of die lede self - wat hul onderskeie verantwoordelikhede moet nakom. Soos hieronder bespreek, is onmiddellike ondersteuning van uiterste belang.

Ten spyte van verskeie struikelblokke as gevolg van Covid, vertrou ons dat almal 'n jaar gevul met seëninge, goeie gesondheid en geluk gehad het en betoon ons ons medelye

aan diegene wie geliefdes verloor het. Ons sien uit daarna om hierdie reis saam met u verder aan te pak in 2022. Al ons vordering en sukses kan slegs toegeskryf word aan die lojaliteit en ondersteuning van die HSAG-lede.

2. VORDERING VAN DIE 2 KLAS AKSIES

Die jaar 2021 staan nou einde se kant toe. Desember 2019 was ons almal opgewonde omdat ons sake goeie vordering gemaak het. Positiewe dinge het gebeur maar was daar ook minder positiewe aspekte! Hier is 'n verkorte weergawe daarvan.

2019 (Desember)

1. CCAF (HS 21 & 22) klas is gesertifiseer.
2. DECA (HS 15 - 22) is by hof aanhangig gemaak

2020

1. Outomatiese deelvorming van CCAF - einde Januarie 2020
2. Opt-in CCAF deelname Maart – September 2020
3. Die Covid-19 pandemie tref die wêreld - verskillende vlakke van inperking begin in Maart. Daarna tref verdere vlae van Covid met gepaardgaande inperkings die wêreld wat aanhou tot in 2021.
4. Ons opponente poog om die CCAF aangeleentheid te ontspoor deur weer Reël 30 aansoeke van stapel te stuur ten einde HS 21B lede te isoleer.

2021

1. Saakbestuurders word in beide DECA en CCAF sake aangestel.
2. Hofdatum voorlopig in DECA saak vir Mei 2022 gereserveer.
3. Afsterwe van Nic Georgiou Vrydag, 10 September 2021.
4. DECA hofdokumente ingehandig - Oktober 2021.
5. In afwagting - op eksekuteurs aanstelling ten opsigte van Nic Georgiou se boedel – November 2021.
6. Howe / Staats instansies sluit soos gewoonlik 15 Desember tot 15 Januarie 2022

Die wiel van geregtigheid draai stadig maar seker. Die lang arm van die gereg wat skuldiges aan die pen laat ry, vat soms jare en langer, maar danksy ons vasberadenheid en soliede regsisteem, kan ons alreeds lig aan die einde van die tunnel sien.

Ons moet almal geloof en meer volharding aan die dag lê, anders gaan ons almal op moedverloor se vlakke beland. Almal van ons, insluitend ons professionele span, ervaar dieselfde frustrasies maar durf ons nie moed verloor nie.

Hou moed! Glo in reg en geregtigheid! Vertrou op ons Hemelse Vader.

Waar daar hoop is, is daar Lewe!

3. DEUR DIE VENSTER - DIE STORIE VAN VOLHARDING

Hieronder volg 'n verhaal wat ons gevind en aangepas het vanaf die internet.

Die wêreld daarbuite is vol wonderlike verhale oor individue met ongelooflike volharding wat ons kan inspireer om meer te bereik.

Mens wonder altyd...Hoekom gee so baie mense hul hoop, drome en doelwitte so maklik op? Hoekom volhard meer mense nie?

Dit is 'n vraag wat ons vra omdat ons dit so gereeld sien. Vriende, ou medewerkers en selfs mense wat ons op ons pad ontmoet, erken openlik dat hulle tou opgooi.

Hoekom kies so baie mense om die maklike roete te gaan en tou op te gooi?

Ons probeer om ons lewens op die teenoorgestelde manier te leef, met ander woorde sonder berou. Byvoorbeeld die spyt dat ons nie besef het wat ons kon bereik nie, maar nie die doelwit bereik het nie omdat ons bang was, nie hard genoeg gewerk het nie of tou opgegee het toe dinge te moeilik geraak het.

Of dit nou 'n fiksheidsdoelwit, besigheids-idee, sport of 'n ander uitdaging in die lewe is, ons moet altyd probeer om dit te voltooi. In ons regstryd is dit iets waarop die HSAG en regsman trots is en is dit die kern van sy wese, naamlik volharding.

Om op te gee is maklik, om 'n doel te voltooi is moeilik. Die HSAG het in sy visier as 'n primêre doelwit, om sy lede se swaarverdiende geld terug te vorder, wat hulle in die

mislukte HS-maatskappye 15 – 22 belê het. Een relevante verhaal wat opduik wanneer volharding ter sprake is, is dié van die stigter van Starbucks, Mnr Howard Schultz.

Almal regoor die wêreld weet van Starbucks. Dit is een van die mees herkenbare simbole naas die kruisbeeld, McDonalds en Superman. Maar sy groei tot roem was nie sonder hindernisse nie. Sonder deursettingsvermoë sou dié koffiereus nooit bestaan het nie.

Howard Schultz, die stigter van Starbucks, het na meer as 200 banke gegaan met die doel om sy aanvanklike lening goedgekeur te kry. 242! Dit beteken dat hy by meer as 200 deure moes aanklop om die bystand en resultaat te bekom wat hy gesoek het.

Nie net het hy desperaat probeer om 'n lening te kry nie, maar sy vrou was ook swanger met hul eersteling. Na 'n jaar van verwerpings kon hy die \$400 000 wat nodig was van 'n dokter en twee ander individuele beleggers verseker.

Starbucks-statistieke (via Business Insider):

- 16 850 Starbucks-winkels in 40 lande
- Vanaf 2010 het Starbucks 137 000 mense in diens geneem — twee keer die bevolking van Groenland
- Starbucks voeg sedert 1987 daaglik twee nuwe winkels by

Die Starbucks verhaal kan vergelyk word met ons eie HSAG verhaal waar ons veg om 4,6 Miljard Rand van ons lede en HS-Beleggers se gelde terug te vorder. Die HSAG staan vir dieselfde beginsels naamlik volharding en moedhou in die aangesig van teëspoed. Nie minder nie as 26 maal het ons alreeds aan die howe se deure geklop en elke klop bring ons een stap nader aan die eindresultaat.

Omdat Starbucks 'n heeltetal nuwe konsep was en niemand anders dit heeltetal geken of ondersteun het nie, is die taak nog moeiliker gemaak. Mnr Schultz moes by 242 deure aanklop voordat hy suksesvol was en mense was bereid om hom 'in te laat'. Ten spyte van al daardie struikelblokke, het hy (nes ons) volhard en in sy eie saak bly glo, of ander mense die verdienste daarvan kon insien of nie. Die HSAG se deursettingsvermoë is beslis vergelykbaar met die verhaal.

Dieselfde beginsels geld vir Thomas Edison waar hy 10 000 keer probeer voordat hy die spreekwoordelike 'lig gesien het' en sukses behaal het. Sy antwoord daarop was: "ek het nie gefaal nie. Ek het net 10 000 maniere gevind wat nie gaan werk nie". Dit is ongelukkig die pad wat 'n baanbreker moet volg. Moet nooit moed opgee nie, maak nie saak hoe moeilik dit mag lyk nie. As Howard en Edison nie volhard het nie, sou die wêreld nie een van die mees ikoniese handelsmerke in die geskiedenis geken het nie nog een van die wêreld se beste uitvindsels. As die HSAG nie volhard nie, sal geregtigheid nie geskied nie.

Ons glo dat lede die bogenoemde storie en die lesse hieronder oor volharding kan waardeer:

1. Sukses is nie veronderstel om maklik te wees nie.
2. Daar word verwag dat sukses moeilik, uitdagend en uitputtend sal wees, anders sou sukses die norm wees.
3. Moenie ophou wanneer struikelblokke opduik nie. Die HSAG het oor die jare baie struikelblokke gehad.
4. Volhard, vertrou in jouself, jou geloof en jou visie totdat jy jou doelwitte bereik het.
5. Hierdie deursettingsverhaal sowel as ander wys dat mense tot enigiets in staat is met deursettingsvermoë, harde werk, hul geloof en geloof in hulself.
6. Moet nooit opgee op jou drome nie, hou aan, hou aan streef en hou aan volhard. As jy opgee op iets waaroor jy regtig omgee, sal jy uiteindelik net voor die doellyn kortkom.
7. Leer om deur jou vrese te druk en jou grootste doelwitte en drome te bereik.

4. JONGSTE NUUS OOR AANSTELLING VAN EKSEKUTEUR

Die HSAG is in besit van die amptelike en voltooië J190 Aanvaarding van Trust as Eksekuteur-vorm, asook die boedelnommer, die Meester se verwysingsnommer en kantore waar die boedel van Mnr Nic Georgiou gerapporteer is op die 24ste Oktober 2021. Die Wet bepaal spesifiek dat 'n boedel binne 14 dae aangemeld moet word. Sodra die eksekuteursbrief ontvang is, moet die eksekuteur 'n kennisgewing in die Staatskoerant sowel as 'n plaaslike koerant in die distrik van Johannesburg plaas.

Volgens hierdie kennisgewing moet alle persone met eise teen die boedel dit binne 'n tydperk van ten minste 30 dae, maar nie meer as 3 maande, vanaf die datum van publikasie, by die eksekuteur indien. Ons korrespondente hou die verwickelinge dop.

In die lig van bogenoemde is dit uiters belangrik dat die HSAG-lede hul bydraes aan die HSAG voor 31 Desember 2021 op datum bring ten einde bystand te bied met die indiening van hul eise by die eksekuteur van die boedel. Vind u staat hierby aangeheg. Indien u enige navrae het rakende bogenoemde, kontak asseblief die HSAG of die regsverteenwoordigers van die HSAG. Kontakbesonderhede kan hieronder gevind word.

By verstryking van die betrokke tydperk moet die eksekuteur homself tevrede stel rakende die solvensie van die boedel en, indien die boedel bevind is om insolvent te wees, moet hy die posisie van die boedel by wyse van skriftelike kennisgewing aan die skuldeisers rapporteer. Hulle (die meerderheid in getal en waarde) as krediteure sal hom (die eksekuteur) dan instruksie in skrif gee om die boedel oor te gee, alternatiewelik om die bates in die boedel ooreenkomstig met die wet te realiseer.

Daar is vasgestel dat VJ Chemaly benoem is as die Eksekuteur van wyle Mnr. Nic Georgiou se boedel. Mnr. Chemaly, en die agent wat aangestel is om hom by te staan met die beredding van die boedel, het ons meegedeel dat geen eksekuteursbrief nog uitgereik is nie. Sodra die eksekuteursbrief uitgereik is, sal die Eksekuteur/Agent aan krediteure en debiteure van die boedel adverteer. Ons het ons korrespondent-prokureurs opdrag gegee om by die Meester van die Hooggeregshof navraag te doen rakende die vordering van die proses van aanstelling en om die vordering van die boedel te monitor.

Ons sal lede van enige nuus inlig soos en wanneer dit vir ons beskikbaar word.

5. UIT DIE DECA HOFDOKUMENTE

Een van die vrae wat met betrekking tot die DECA-aangeleentheid geopper word, is of die aangeleentheid al verjaar het, aangesien dit al 'n geruime tyd aan die gang is. Ons het bogenoemde punt in ons Antwoordende verklaring bespreek en plaas dit dus hieronder. Die HSAG-regspan vertrou dat hierdie saak nie verjaar het nie aangesien die aansoek betyds uitgereik is. Die HSAG wil verder beklemtoon dat alle sake wat nou op

dieselfde meriete aanhangig gemaak word, deur beleggers buite die HSAG, ongelukkig heel waarskynlik met die verweer van verjaring deur die Georgious tegemoet gekom sal word en daarom is hierdie aangeleentheid, wat deur die HSAG gedryf word, noodsaaklik aangesien dit die laaste en enigste opsie kan wees vir individue om hul beleggings te herwin.

Die volgende is onder eed gestel deur ons HSAG-applikante in die DECA-aangeleentheid:

Insofar as prescription is concerned:-

- (a) The earlier dissatisfaction and complaints of investors around 2014 when the Scheme of Arrangement was adopted was based on the position at that stage, namely that properties had not been transferred and that the business rescue plan was failing.*
- (b) This current application, however, relates to the much more recent actions on the part of Orthotouch and the individuals concerned, namely the dissipation of properties by Orthotouch, and the decimation of value within Orthotouch. This is something that was only learned much more recently.*
- (c) The grounds for this application are therefore not the same grounds upon which earlier litigation was contemplated on behalf of Highveld 15 to 18 which was never instituted.*
- (d) Had Orthotouch taken transfer of all the properties earmarked for transfer, and had Orthotouch kept such properties (or even the proceeds), the current grounds for action would clearly not have existed.*
- (e) In any event, it is clear that investors were deliberately kept in the dark about what was happening. Under those circumstances, it is improper for the individual responsible to try and rely on prescription on the basis*

that we should have known about the causes of action at an earlier stage.

(f) Furthermore, I submit that the liability of the individuals concerned is contingent upon the non-payment by Orthotouch of its debt – and that the running of prescription of the claims against Orthotouch (and hence the claims against the individuals) has in any event been effectively suspended in terms of section 133(3) of the Companies Act of 2008, since 7 November 2019 being the commencement of the current business rescue proceedings of Orthotouch.

(g) This is also relevant to the claim against the Sixth Respondent who has recently simply filed a notice under rule 6(5)(d)(iii) raising a question of law only (being prescription of the claim against him).

6. CCAF – HS 21B

Met betrekking tot die HS 21 en HS 22 Gesertifiseerde klas aksie en die Reël 30-aansoek wat deur die Respondente aangaande HS 21B ingestel is, is ons Repliserende verklaring in beide die 'Waxham'-aangeleentheid (Saak No: 9272). /2020) asook die 'Vlok'-aangeleentheid (Saak No: 80811/2014) geliasseer en op die Respondente beteken. Hierdie twee aangeleenthede loop gelyktydig, aangesien dit vir hulle belangrik kan wees om gesinchroniseer te bly. Die Repliserende verklaring is 'n antwoord op die Respondente se Antwoordende verklaring en spreek al die Respondente se bekommernisse aan in soverre dit beide feitelik en wetlik vereis word. Die Respondente se Antwoordende verklaring en op sy beurt ook ons Repliserende verklaring, handel hoofsaaklik oor die 21B-beleggers en of hulle deel vorm van die HS 21 & 22-groep beleggers. Almal het nog altyd volgehou dat die 21B-beleggers deel uitmaak van HS 21 & 22 en dat hul eise vierkantig binne die bestek van die sertifiseringsbevel van Regter Tolmay val. Dit is ook die opinie van ons regsman

Dit is ook in 'n vorige nuusbrieff oorgedra (sien Mei 2021-nuusbrieff) dat, soos met alle litigasie, is daar risiko's betrokke, maar die regsplan en advokatuur is nie oortuig met die Respondente se bona fides nie en vertrou dus dat die hof, soos die feitelike posisie is, HS 21B as deel van die gesertifiseerde klas-aksie sal hou. Tyd sal leer wat die uitkoms sal wees en ons sal ons lede op hoogte hou.

7. HSAG- EN CCAF-LIDMAATSKAP (INSLUITEND HS 21B)

Soos hierbo genoem, is dit belangrik om aan alle HSAG- en CCAF-lede (veral daardie persone wat in HS21B belê het) uit te lig dat hulle vrylik en vrywillig by die verrigtinge aangesluit het. Die HSAG sal terselfdertyd aan hulle die versekering gee dat die HSAG en sy regsplan sal poog om hulle so ver en so omvattend moontlik te ondersteun. Die HS21B-lede wat ge-“opt-in” het, het dit gedoen deur Regter Tolmay se bevel in die HSAG-sertifiseringklas-aksie te volg. Hulle het die stormagtige waters van 'n hofszaak aangedurf en gewaag omdat hulle sterk in hul eie saak glo en gedryf is deur hul passie vir geregtigheid.

Die CCAF-aangeleentheid is op 10 Desember 2019 deur Regter Tolmay gesertifiseer. Hierdie beleggers ondersteun en assosieer hulself ten volle met die HSAG se gesertifiseerde klas-aksie en sal dus die ondersteuning van die HSAG en CCAF-regspan ontvang. Alhoewel geen uitkoms deur enigiemand of ons regsplan gewaarborg kan word nie, vertrou ons dat hulle redes gehad het om hul gewig agter die aangeleentheid te gooi en bydraes te maak tot die bovermelde verrigtinge. Hierdie beleggers beskou hulself onomwonde as deel van die Fast Track gesertifiseerde klas-aksie, met inagneming van die feit dat die hof oor die aansoek moet besluit, alternatiewelik die voorwaardelike teenaansoeke voor die hof wat hul insluiting of nie kan bevestig nie. Ons wil nie oor die uitslag bespiegel nie en sal dit hanteer sodra ons bevestiging deur die hof ontvang het.

Lede kan die uitspraak van Tolmay J (Pretoria Hooggeregshof, 10 Desember 2019) in die HS 21 & 22 Sertifiseringsaansoek lees deur die volgende skakel te gebruik: <http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/05/HS21en22oordeel.pdf>

8. OORDRAG VAN AANDELE – HS 21 EN 22 (CCAF)

Neem asseblief kennis dat die oordrag van aandele in die CCAF-gesertifiseerde klasaksie (HS 21 en 22) skynbaar nie op die oomblik gedoen kan word nie as gevolg van die feit dat Orthotouch tans in besigheidsredding is.

Lede word dus aangeraai om Orthotouch te kontak.

9. ADMINISTRATIEWE LAS EN ANDER UITDAGINGS

Ons wil lede daaraan herinner om nie 'n onnodige administratiewe las te veroorsaak deur e-posse na verkeerde adresse te stuur of e-posse te skryf wat omslagtig is en nie betrekking het tot die aangeleentheid op hande nie. Die onnodige toevoeging van alle HSAG- en/of CCAF-e-posadresse skep ook 'n onnodige las deur die eposse in-bus vol te maak en koste te verhoog vir die tyd wat spandeer word om te bepaal na watter adres die e-pos gestuur moes wees. Om nie eens te praat van die tyd en energie wat deur verskeie personeellede spandeer word om dieselfde e-posse te lees nie. Elke nuusbrieff het aan die einde 'n afdeling wat aandui na watter adres e-posse gestuur moet word. Vergewis u van hierdie afdeling van die nuusbrieff, want dit sal verseker dat minder tyd aan administratiewe kwessies bestee sal word.

Onttrekking van HSAG-lede kan slegs geskied by wyse van ontvangs van die nodige beëdigde verklaring, soos verskaf deur die HSAG se regsman. Indien 'n lid egter versoek om van die HSAG WhatsApp-groepe verwyder te word, sal sodanige persoon onmiddellik van die betrokke HSAG WhatsApp-groep verwyder word. Hy of sy sal steeds hul nuusbriewe per e-pos ontvang wat hom/haar op hoogte sal hou vir tyd en wyl totdat hy/sy die nodige beëdigde verklaring voltooi het.

10. BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG-lede se voorletters en van, sindikasiennommers en verwysingsnummers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik en verpligtend. Versuiming om hieraan te voldoen kan die gevolg hê van onnodige vertraging of dat u geen antwoord sal ontvang nie.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- **hsactiongroup@gmail.com** vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- **hsenquiries@gmail.com** vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van 'n spesifieke belegger, navrae rakende kwytstelling van 'n spesifieke belegger, ensovoorts);
- **hsagregister@gmail.com** vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;
- **hsagwhistle@gmail.com** vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- **hsagestates@gmail.com** vir alle Boedel navrae.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir CCAF (gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie), is as volg:

- **accounts@ccaf.co.za** vir betalingsbewyse
- **admin@ccaf.co.za** vir die amptelike versoek vir afbetaling-vorm
- **enquiries@ccaf.co.za** vir ander CCAF navrae

Indien 'n belegger of enige persoon 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigszins die nodige aandag geniet nie. Indien u nie verder enige verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons ook asseblief skriftelik in kennis daarvan.

11. **BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES**

Die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbrief vervat was, word nou beskikbaar gestel op die HSAG se

webtuiste by www.hsaction.co.za en kan direk besigtig word by die volgende skakel:
<http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/01/HSAGTsCs.pdf>

Die HSAG Bestuur wil iedere en elke lid alle voorspoed en sukses toewens met die afsienbare toekoms.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com